GESKIEDENIS

Liewe Graad 12-Geskiedenisleerder

Geskiedenis kan jou vir die toekoms voorberei. Hoe kan jy weet wie jy is tensy jy weet waar jy vandaan kom? Hoe kan jy sê wat gaan gebeur tensy jy weet wat voorheen gebeur het? Geskiedenis handel nie net oor die verlede nie. Dit handel oor waarom ons is wie ons is — en oor wat volgende gaan gebeur.

Dit is jou laaste skooljaar, so werk hard, werk met volharding en werk so goed as wat jy kan. Voorspoed!

Vakvereistes
Geskiedenishandboek, bronmateriaal

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE
VRAESTEL 1 (EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)

1. Die Koue Oorlog:
Vraagfokus: Die oorsprong van die Koue Oorlog
- Einde van die Tweede Wêreldoorlog (inleiding) – waarom het 'n Koue Oorlog ontwikkel?
- USSR en VSA en die vorming van belangesfere: (die daarstel van Sowjet-goedgesinde regerings in satellietstate;
- VSA se beleid van insluiting: Truman Leer en Marshall Plan; Berlynse Krisis vanaf 1940 tot 1961; Opponerende militêre alliansies: NAVO- en die Warschau-Verdrag .
- Wie moet die blaam dra vir die Koue Oorlog?

2. Onafhanklike Afrika
Vraagfokus: Afrika in die Koue Oorlog
Gevallestudie: Angola
- Angola: kolonialisme en onafhanklikheid
- Uitbreek van burgeroorlog in 1974
- (MPLA, FNLA en UNITA
- Redes vir en aard van betrokkenheid in Angola (USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika); impak op die stabiliteit in die streek;
- Belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale 1987 en 1988;
- Die veranderende aard van internasionale verhoudings na 1989

3. Burgerlike protes vanaf die 1950s tot die 1970s
Vraagfokus: Die Swartmagbeweging
- Redes en oorsprong van die Burgerregtebeweging in die VSA (slegs agtergrondinligting)
- Die rol, impak en invloed van Martin Luther King Junior; en die invloed van passiewe weerstand (Gandhi) op Martin Luther King;
- Vorme van protes deur burgerlike ongehoorsaamheid: Montgomery-busboikot, sitstakings, protesoptogte, insluitend die
- Lincoln-gedenkteken, Birmingham-veldtog en Selma Montgomery-optogte;
- Skooldesegregasie: gevallestudie (Little Rock, Arkansas); en
- Korttermyn- en langtermynvoordele

AFDELING B: OPSTELVRAE
VRAESTEL 1 (EEN vraag sal per onderwerp gestel word)

4. Die Koue Oorlog
Vraagfokus: Gevallestudie: Viëtnam
- **1957 tot 1965** – Die stryd in Viëtnam tussen die Suid-Viëtnamese weermag en die kommunisties-opgeleide rebelle (ook bekend as die Viëtkong);
- **1965 tot 1969** – 'n Noord-Viëtnam – VSA-stryd (insluitend die aard van die Viëtnamese oorlog teen die VSA);
- Die oorlog vanuit 'n Viëtnamese en VSA-perspektief;
- Die oorlog as 'n globale kwessie;
- **1969 tot 1975** – die VSA onttrek uit Viëtnam (die impak op VSA-politiek; studentebewegings)

5. Onafhanklike Afrika
Vraagfokus: Hoe is onafhanklikheid in Afrika bereik in die 1960's tot 1970's?
Gevallestudie: Die Kongo
- Wat was die idees wat Kongo beïnvloed het?
- Politieke (tipe leiers: erflatings van kolonialisme; tipe regerings; politieke stabiliteit en onstabiliteit
- Ekonomiese (tipe ekonomieë)
- Maatskaplike en kulturele sukses / uitdagings wat Kongo gekonfronteer het
- (voordele van onafhanklikheid;
- opvoeding; en Afrikanisering).

6. Burgerlike protes vanaf die 1950s tot die 1970s
Vraagfokus: Swartmagbeweging
- Redes vir die beweging;
- Stigting van die Black Panther Party
- Die rol van Stokely Carmichael, Malcolm X; Huey Newton en ander Afro-Amerikaanse aktiviste
- Korttermyn- en langtermynvoordele

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE
VRAESTEL 2 (EEN vraag sal per onderwerp gestel word)

1. Burgerlike Samelewingsprotes in Suid-Afrika 1970's en 1980's
Vraagfokus: Die krisis van apartheid in die 1980's
- Regeringspogings om apartheid te hervorm (Die Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982 ; die driekamerregeringstelsel)
- Interne weerstand teen hervormings:
- Opkomende mag van vakbondbewegings sedert 1973
- Reaksie op Botha se hervorming – nuwe metodes van mobilisasie (arbeid se 'uitgebreide massa-aksie' , rol van burgerlikes, UDF, Massa Demokratiese Beweging, Beëindig Konskripsie-veldtog).

2. Die koms van demokrasie in Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede
Vraagfokus: Die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK)
- Redes vir die WVK:
- Verhore (fokus op verskillende gevallestudies: slagoffers en oortreders)
- Die debatte oor die WVK
- Positiewe aspekte van die WVK
- Amnestie-toekenning en probleme met amnestie
- Fokus op menseregte van of the 1980s
- Vergoeding;
- Reaksies van politieke partye en redes vir die reaksies by die WVK

3. Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde 1989 tot die hede
Vraagfokus: 'n Nuwe wêreldorde
- Wat is globalisasie?
- Magsbalans en impak op Afrika
- Dominansie van globale kapitalisme
- Opkomende ekonomieë en verskillende vorme van kapitalisme: BRICS
- Suid-Afrika se sukses met die vermyding van openlike burgeroorlog en President Mandela se beleid van versoening
- Reaksie op globalisering

AFDELING B: OPSTELVRAE
VRAESTEL 2 (EEN vraag sal per onderwerp gestel word)

4. Burgerlike protes in Suid-Afrika: 1970's en 1980's
Vraagfokus: Swart Bewussyn daag die apartheidstaat uit
- Die aard en doelwitte van Swartbewussyn;
- Die rol van Steve Biko
- Swartbewussynsbeweging (SBB);
- Die Uitdaging van Swartbewussyn se idees wat aan die staat gestel is;
- Die 1976-Soweto-opstand (kortliks, met betrekking tot die invloed van BCM op die studente
- Die erflating van Swartbewussyn op die Suid-Afrikaanse politiek.

5. Die koms van demokrasie in Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede
Vraagfokus: Die onderhandelde ooreenkoms en die RNE
- Aanvang van onderhandelinge 1990-1991
- Veelparty-onderhandelingsproses hervat: formele veelparty-onderhandelings hervat;
- Voortslepende geweld: pogings om onderhandelings te ontspoor
- Finale pad na demokrasie in 1994
- 27 April-verkiesing en die Regering van Nasionale Eenheid.

6. Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde
Vraagfokus: Die einde van die Koue Oorlog: Die gebeure van 1989
- Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie
- Oos-Europa (die invloed van gebeure in Pole op die agteruitgang van die Sowjet-invloed in Oos-Europa; Duitsland: die val van die Berlynse Muur)
- Die disintegrasie van die Sowjetunie
- 'n Keerpunt in Suid-Afrika (die val van die Sowjetunie en die impak daarvan op SA)

Assessering: Skoolgebaseerde Assessering

Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4
Taak 1 Brongebaseerde en Opsteltaak **100 Punte**	**Taak3** Inhandiging van Navorsingstaak **100 Punte**	**Taak 5** Gestandaardiseerde Toets 2 Brongebaseerde en opsteltaak **100 Punte**	**FINALE EKSTERNE EKSAMEN**
Taak 2 Gestandaardiseerde Toets 1 Brongebaseerde en Opsteltaak **100 Punte**	**Taak 4** Halfjaareksamen Brongebaseerde vrae en opstelle **V1 = 150 Punte** **V2 = 150 Punte** **300 Punte**	**Taak 6** September-eksamen Drie vrae moet in elke vraestel beantwoord word V1 = **150** + V2 = **150** **300 Punte**	
25% van totale jaarpunt = 100 punte			**75% van totale eksamenpunt = 300**

Onthou
- Ken jou werk goed
- Less en gebruik bronne sorgvuldig
- Verstaan die vraag voordat jy dit beantwoord
- Beplan jou opstel voordat jy begin skryf
- Maak seker jou inleiding en slot beantwoord die vraag
- Oefen met vorige eksamenvraestelle (vanaf 2021)
- Weet wat elke vraag regtig vra
- Bly veilig en doen jou bes!

SKANDEER MY!
Geskiedenis Oorsig

Telematiese video's
https://drive.google.com/file/d/1kJ2fUxUB-Eof3jJEZFkL8yury7QeXn0a/view?usp=sharing